

Nuus en Gebedsbrief

19 Februarie 2018

Volg My...

Ons kyk die week na **"gaan maak dissipels"** uit die 4 Bybelgedeeltes:

'Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld. Mat 28:19-20

Kom ons kyk na die uitgeligte gedeeltes:

Gaan – 'n baie duidelike opdrag;
al die nasies - daar is nie 'n uitsondering nie;
my dissipels - nie van 'n kerk of denominasie nie, Sý dissipels;
leer hulle om alles...wat Ek julle beveel – baie duidelike opdrag;
En 'n belofte - **Ek is by julle!**

- Jy moet God liefhê - Mat 22:37
- Jy moet jou naaste liefhê - Mat 22:39
- **Gaan maak dissipels** - Mat 28:19
- Met die krag van die Heilige Gees - Hand 1:8

Voordat ek kan **gaan** moet ek eers goed kan **volg**. Die dissipels het Jesus drie jaar lank voluit gevolg, by Hom geleer, vrae gevra en krag ontvang tydens die uitstorting van die Heilige Gees (meer daaroor volgende week).


Die eerste vraag wat ek myself afvra is: Hoe goed volg ek Hom en hoe goed ken ek Sy stem, sodat ek Hom kan volg?

My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My. Joh 10:27

Toe het Hy vir almal gesê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg. Luk 9:23

Homself verloën? *...en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.* Gal 2:20

Dit beteken totaal oorgegee!



Die tweede vraag is eenvoudig: Is ek besig om die Groot Opdrag uit te voer? Is ek aktief besig met dissipelmaking?

Behalwe dat ek besig moet wees om iemand te leer, **leer hulle om alles... wat Ek julle beveel** (Opdrag Timotheus), moet dit ook 'n leefstyl wees.

Draai na jou naaste (soos verlede week geïdentifiseer) en sê vir hom soos Paulus vir sy naastes sê: **Volg my, want ek volg Jesus!** (1 Kor 11:1 en 1 Kor 4:16-17) *Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg.*

Gaan sê dit vir:

- jou vrou en jou kinders en familie;
- jou werkers, kollegas, vennote en kliënte en
- dié wat saam met jou in CBMC is

Onthou Jesus het dit as uitnodiging gegee. *Volg My!*

Hy het ook gesê Hy doen niks as Hy dit nie by die Vader gehoor het nie. Hoor jy by die Vader? Verkondig jy net wat jy gehoor het? Bid daarvoor. Raak stil voor God, sodat jy kan hoor, want dit is 'n baie belangrike opdrag wat Jesus aan die einde vir Sy dissipels gegee het.

Hierdie opdrag vloei uit laasweek se gedeelte, *jy moet jou naaste liefhê.*

Geseënde week en onthou die belofte: 'Ek is by julle.'

Frik Janse van Rensburg

"Volg my..."



Ons is dankbaar en opgewonde vir **45** van ons leiers wat hierdie naweek deel van die **Greyton Leierskonferensieverrigtinge** uitmaak. Bid asseblief saam met ons dat die Heilige Gees se wind ons gedagtes sal skoonmaak sodat ons ontvanklik kan wees vir dit wat die Vader vir ons wil sê. Vra asseblief vir wysheid, insig, onderskeiding en objektiwiteit om te leer en toegerus te word vir ons taak as Christene, dissipelmakers en CBMC'ers om die evangelie uit te dra. Vra asseblief ook vir beskerming teen die aanslae van Satan terwyl ons ons beplanning vir 2018 doen.

VERJAARDAE & KALENDER:

VERJAARDAE:

20ste: Johan de Jager **21ste:** Wayne Taylor **22ste:** Buks Harding, Danie Prins & Louis Smit **23ste:** Siebert Coetzee **24ste:** Renier Senekal **25ste:** Andrew Fourie, Charlou Jordaan & George van Breda

KALENDER:

- **CBMC Leiersnaweek, Wes-Kaap, 23-25 Februarie**
- **CBMC Leiersnaweek, Noorde, 10 Maart**
- **CBMC Uitreik Plaaskombuis (met Warren Elliott), 29 Maart**
- **CBMC & Mighty Men Western Cape Gholfdag, 6 April**
- **CBMC Uitreik, Strand, 20 April**
- **CBMC Wêreldkonferensie, Belfast, Ierland: 21-23 Junie.** Gaan doen jou vooraf-registrasie by <https://www.belfast2018.co.uk/>
Sien die 1-bladsy **inligtingsdokument** aangaande koste en hoe jy moet maak om te registreer van die CBMC Wêreldkonferensie in Ierland.

